

# Christus se hande en voete in die gemeenskap

Die storie van Arnau van Wyngaard en die gemeente van Shiselweni in Swaziland

Chris van Wyk

## MI-virus verwoes hele gemeenskappe

*“Swaziland is dying of AIDS.”* So begin Arnau van Wyngaard se video op *Youtube* (<http://www.youtube.com/watch?v=91V99rv6BQM>).

’n Paar jaar gelede het Swaziland nog byna 1.3 miljoen mense gehad. Die nuutste sensus dui egter op ’n daling in die bevolking na net 950 000 mense. Projekties wys dat teen 2015 die bevolking tot 800 000 kan daal.

Oral sien ’n mens die lyding en pyn wat die grootste pandemie in die geskiedenis van die mensdom veroorsaak. Soos Arnau sê: “Die MI-virus breek nie net die selle in mense se liggame af nie. Dit verwoes hele gemeenskappe.”

Swaziland is tans die land in die wêreld met die hoogste aantal MIV infeksies. In enige lukraak-gekose groep mense sal almal op een of ander manier persoonlik deur die virus geraak wees. En die ontstellende waarheid is dat teen die huidige tempo van infeksie die hele bevolking teen 2040 uitgewis kan wees.

Ná ’n lang tyd van worsteling met die Here oor wat hulle kan doen aan die siekte, het die Here Arnau en sy gemeente in 2005 oortuig dat die kerk in Swaziland ’n verskil kan maak. Sy gemeente, *Shiselweni Reformed Church*, lê in ’n baie arm deel van Swaziland wat boonop die ergste geraak is deur MIV en vigs. Hulle het sáám die roeping aanvaar om mense te versorg wat siek en sterwend is van MIV en vigs. Daardeer wil hulle hoop bring aan ’n gemeenskap wat teen die grond is weens die siekte.

## Home-based Care

Hulle visie is om die hande en voete van Christus in die gemeenskap te word. ’n Groep van 36 mense is in 2006 opgelei om tuisversorging te verleen. Die gemeente het hulle gestuur om die liefde van Jesus Christus te gaan betoon, meesal deur die siek en sterwende mense te versorg.

Ná ’n jaar het die gemeente genoeg vertroue gehad om meer werkers op te lei. Gedurende Januarie 2007 is nog 40 versorgers opgelei. Die opleiding het op vyf

ander plekke in Swaziland plaasgevind.

Sedertdien het die aanvanklike groep van 36 in net meer as ’n jaar gegroei tot meer as 300 *Home Based Care Givers*. Dit laat ’n mens dink aan die gelykenis van die saaiër: tienvoudige vrug! Teen die einde van 2008 behoort reeds meer as 400 mense by die projek betrokke te wees.

## Courageous Leadership Awards

Geen wonder dat die gemeente genomineer is vir die jaarlikse “Courageous Leadership Awards” van Willow Creek Community Church in Chicago nie, en so pas die gesamentlike tweede plek behaal het – die enigste sogenaamde “front-line” gemeente wat dié prestasie kon behaal.

In Arnau se toespraak by die geleentheid het hy onder andere gesê:

*“To stand here today is certainly one of the greatest honours I’ve ever had in my life. I’m just sad that you will not be able to meet the real heroes of Shiselweni Reformed Church Home-Based Care – the 350 volunteer care-givers, who give their time, their energy, often even their own money and food, in order to help the sick and the dying within their own communities in Swaziland.*

*Working as a missionary in Swaziland since 1985, I have spent a lot of my time doing research on AIDS. And then, one day, God convinced me that I would need to do more than merely researching the AIDS problem if I wanted to make a difference in Swaziland. I had to get out of my office and into the homesteads of people living with HIV and AIDS and I would have to do something practical. Not long after this, in July 2005, while travelling on a bus, God created a vision in my mind for our church in Swaziland, the vision that we had to become the hands and the feet of Christ in each of the communities within which the church was situated.*

*When I started sharing this vision with our church members, a miracle happened. For the first time since moving to Swaziland, I wasn’t challenged with the question how this could be done without money. For the first time nobody asked what salary they would get. Somehow they realised that, in spite of their own*

*personal circumstances and their own poverty, they could make a significant difference in other people's lives.*

*I believe that God can create partnerships that could eventually play a significant role in bringing hope to a country in which hundreds of thousands of people have already lost hope. God isn't asking you or me to do miracles. Doing miracles is God's work. Becoming the hands and feet of Christ in our various communities is our work. What we need are people who can help us to do this even more effectively in the future."*

### **Bemagtig vrywilligers**

Arnau draai geen doekies om as hy sê dat die sukses van die projek nie aan goeie leierskap te danke is nie, maar aan 'n groep vrywilligers wat oortuig geraak het dat die Here hulle kan gebruik ... en so die hande en voete van Christus geraak het.

Die konsep is eenvoudig: Kry 'n groep mense wat genoeg omgee vir die mense in hulle gemeenskap om 'n verskil te maak, lei hulle op en gee hulle die mees basiese gereedskap vir die taak wat hulle moet doen, soos kos en medisyne.

So word hulle bemagtig om die werk te doen waarvoor die Here hulle geroep het. Op 'n gereelde basis kry die vrywilligers verdere toerusting om hulle vaardighede in areas soos berading van getraumatiseerde kinders, evangelisasie, MIV-terapie en ander mediese hulp te verbeter. Hulle word ook gereeld ontlont om te verseker hulle kan die stres van die daaglikse kontak met siek mense hanteer.

Omdat vrywilligers die werk doen, is die administrasiekoste minimaal. Elke sent wat vir die projek ontvang word, word teruggeploeg in die hulp aan siek mense. Selfs die Swaziland-regering begin belang stel in die model van die gemeente om met vrywilligers te werk.

### **Leierskap**

Arnau se leierskapsmodel is om 'n voorbeeld te stel met die versorging, en daardeur ander aan te moedig om dieselfde te doen. Een van die merkwaardige stories wat hy vertel, is van 'n groep vroue wat 'n hut gebou het vir 'n siek man wat boonop 'n alkoholis was. Toe Arnau hulle vra hoekom, was hulle antwoord: "Selfs 'n dronkaard moet weet dat God hom liefhet!"

Swaziland het ongeveer 95 000 weeskinders, tien persent van die bevolking. 'n Groot skaalse voedselprojek is nou in Dwaleni van stapel laat loop om hulle nood te verlig. Die kinders van die omgewing kry daaglik twee maaltye. Die geld wat die gemeente van die "Courageous Leadership Awards" ontvang het, sal gebruik word om 'n kombuis in 'n volgende dorp te bou en dié werk uit te brei.

Die behoefte aan onderwys begin ook aandag kry. 'n Kleuterskool is vir die kinders gestig met een onderwyser en slegs basiese toerusting. Só ervaar die kinders dat daar wel mense is wat vir hulle omgee. En in die proses kom hulle agter dat God hulle liefhet.

### **Enige gemeente kan 'n verskil maak**

Die storie van die gemeente wys dat 'n mens nie 'n hele klomp bronne nodig het om 'n verskil te maak nie. Die gemeente, arm soos hulle is, maak op vrywillige basis reeds 'n reuseverskil aan mense se lewe. Dit beteken dat só 'n projek in enige gemeente en in enige gemeenskap kan werk. Dit vra net mense wat 'n visie het om 'n verskil te maak.

Die kerk het die mense. Die kerk het die boodskap. Die kerk het die vermoë. Die kerk het die krag van die Heilige Gees. Al wat dit kos, is die gewilligheid van gelowiges om 'n verskil te maak. Dan kán die reus van MIV en vigs-pandemie oorwin word – in ons leeftyd!

## **Christelike Lektuurfonds (CLF) bied gratis leesstof**

● Meer as **5 miljoen Suid-Afrikaners** leef vandag met MIV.

● MIV kom voor in elke gemeenskap en **onder alle etniese groepe** van Suid-Afrika. Juis daarom kom die kerk voor 'n toets en 'n uitdaging te staan. Die vraag is: Reageer ons op 'n verantwoordelike manier? Doen ons genoeg? En doen ons die regte dinge?

● CLF, in samewerking met die Vigstaakgroep van die Wes-Kaap, het 'n nuwe pamflet die lig laat sien. Die pamflet **Ons gemeente en MIV en VIGS** – maak 'n positiewe verskil in gemeenskappe. Dit is nou beskikbaar op Engels en Afrikaans – gratis by CLF. Dit voorsien aan gemeentes die stappe om 'n verandering in elke gemeenskap teweeg te bring.

□ Om jou eksemplaar te bestel en om **inligting** te kry van ander MIV- en vigsverwante publikasies, skryf aan CLF by [info@clf.co.za](mailto:info@clf.co.za), of Privaatsak X19, Wellington. Jy kan ook 'n faks stuur na 021 864 3678 of skakel 021 873 6964.

